

KOMMUNIKAMMA



TEKS vir die WEEK:

Psalm 103:1, 2 & 5. *“Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek Sy Heilige naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van Sy weldade vergeet nie. Wat my die goeie in oorvloed laat geniet, wat my die jeugdige krag van ‘n arend skenk.”*

SAKE vir GEBED:

- * Ons dank ons Hemelse Vader vir Sy goedheid en guns. Ons dank Hom vir ‘n Nuwe jaar. Ons dank Hom vir mildelik reën op baie plekke waar dit so droog was.
- * Ons hou aan om te bid vir die streke wat nog steeds gebuk gaan onder die versengende droogte.
- * Ons sê dankie vir almal wat veilig tuis is en dat alles nog in goeie toestand was.
- * Ons sê dankie vir ons gemeente wat so omgee en vir mekaar sorg.
- * Ons sê dankie dat Linda Rousseau skoon van kanker is. Dankie vir jul gebede vir haar.
- * Ons sê dankie vir ons predikante, personeel, leiers en elke lid van ons Kraggakamma gemeente. Julle is elkeen so kosbaar.
- * Ons sê dankie dat so baie van ons leerlinge en studente goeie uitslae gekry het en bid vir dié wat harder moet probeer.
- * Bid vir Nico Oosthuizen se ma wat baie siek is.
- * Ons bid vir al ons opvoedkundige instellings. Ons dink in besonder aan die personeel en bestuur van MTR Smit en vra vir wysheid en insig vir 2020.
- * Bid vir die goeie werk wat in Kleinskool gedoen word. Ons dank die Here vir twee leerlinge wat nou in matriek is en ook prefekte is. Ons bid vir nege jong leiers wat die EE3 “Hoop vir Kinders” kursus gaan volg en ons dank God vir Sy seën op hulle.
- * Ons bid vir Joan Crouse en Lizelle Geldenhuys wat behandeling ontvang.
- * Ons dra al die siekes, bejaardes en almal wat swaar kry, aan die Here op. Ons bid vir Sy genade en liefde wat alle verstand te bowe gaan.
- * Ons bid vir al ons sendingprojekte en dank die Here vir Sy seën op hulle harde werk

SONDAG 19 JANUARIE 2020

08:30 Eietydse diens en Kamma kidz

09:45 Kategese begin

10:00 Klassieke diens

Deurdankoffer is Sinodale dankoffer vir gemeentebediening

MAANDAG 20 JANUARIE

12:45-14:00 Gebedsgeleentheid in die gebedskamer.

19:00 Gemeentebediening Diensterrein vergader.

DINSDAG 21 JANUARIE

19:00 Leef@Kerk opening.

WOENSDAG 22 JANUARIE

18:00 Selleiers opleiding.

VRYDAG 24 JANUARIE

MANNEBYEENKOMS

05:00 Ons kom by Elandré Bosch, Lilylaan 68 bymekaar. Al die manne, ook jongmanne, is welkom.

SONDAG 27 JANUARIE

08:30 Eietydse diens en Kamma Kidz

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens.

Ons gemeente het ‘n Musiek koördineerder/Orrelis vakature

Sluitingsdatum vir aansoek is Maandag 20 Januarie 2020. Diensaanvaarding is so gou as moontlik na aanstelling. Stuur aansoek aan: kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

OOS-KAAPLANDSE DROOGTERAMPFONDS

Die Sinodale Kommissie het vandeeweek 'n droogterampfonds gestig. Hulp sal verleen word aan dorpe en boerdery-gemeenskappe wat deur die voortslepende droogte geteister word. Gemeentes en ander donateurs word versoek om bydrae in die volgende rekening in te betaal: NG Kerk Oos-Kaapland, ABSA, 290 581 192, tjekrekening. Merk alle bydraes met die verwysing: droogteramp – slegs donasies wat met hierdie verwysing gemerk word, kan erken word.

Donateurs wat hul bydraes vir spesifieke gemeenskappe wil oormerk kan 'n e-pos wanneer die inbetaling gemaak word, rig aan me Chantall Vermaak by sinode@ngkok.co.za

NOODSPENS

Ons gemeente se noodspens is dolleeg en soos julle weet, die behoeftige mense kry al swaarder onder die ekonomiese druk.

Enige nie-bederfbare kos bv blikkieskos, pakkies sop, ensovoorts is baie welkom.

Baie dankie vir almal se bydraes.

KLEINSKOOL INISIATIEF

Ons beplan om in 2020 gevestigde huiskerke te bemagtig met opleiding vir kinderbediening en om goeie materiaal aan hulle te verskaf. Ons is in gesprek met die kinderbediening van EE3 in PE en is gereed om die eerste twaalf voornemende studente met die **Hoop vir Kinders** -program te bemagtig. Die koste van een persoon se opleiding beloop meer as R250. Indien die Here dit op u hart lê, vra ons bydraes om ten minste die eerste twaalf studente te borg. Bo en behalwe die onkoste het ons nog twee matriekleeders wat leerlingraad baadjies benodig en op leerlingraad kampe moet gaan.

Ek vra dat Kraggakamma lidmate hierdie nuwe saak in gebed sal opdra. Ek is egter in my hart oortuig dat dit die pad is wat die Here met Kleinskool wil loop.

Margita Marx 0823374336.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar. Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers wat die afgelope drie maande by ons gemeente aangesluit het. Mag julle gou tuis voel en inskakel by ons.

Kevin en Chantel Viljoen, Glenroy Estate 12.

Retha Gerber, Great Westway 26, Framesby.

Bettie Rautenbach, Lilydale assisted living, Gazanialaan, Sunridgepark.

André van Rhyn en kind Tana Louise, Rondeboschlaan 7, Framesby.

Eric en Althea Watkins en kinders Gerhard en Lize, Rondeboschlaan 7. Framesby.

Barry en Vicky Jacobs en seuntjie Ruan, Abeliasingel 22, Sunridgepark.

Riaan en Annemi Roelofse en kinders Malan en Luc, Rondeboschlaan 12, Framesby.

Renier en Lynn Rossouw en dogtertjie Amori-Lynn, Lilylaan 10, Sunridgepark.

There4-Bedieninge Bied aan

“Cook like an Egyptian”

met Hanaa, ons gasvrou wat ons gaan leer hoe om 'n driegang Egiptiese maaltyd voor te berei. Bestanddele word voorsien.

Datum: 28 Januarie 2020


Tyd: 18:30

Adres: Carnationlaan 15, Sunridge Park

Koste: R50.00 per persoon

RSVP @ 24 Jan '20 : Nadia @ 082 336 0253

VERBETERINGSFONDS



Hier is 'n barometer wat die doelwit voorstel om die lening van R 600 000 terug te betaal. Die lening is aangegaan om die verbetering in die kerkgebou aan te gaan. Tans is daar R 89 315 ontvang vir die projek. Indien die Here dit op jou hart druk en jy 'n donasie wil maak, merk dit asb. duidelik vir die verbeteringsfonds.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..